ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

VOEDSELVOORSIENING
Ons gemeente kom al ‘n lang pad saam met die NG Kerk PE-Noord. COVID-19 het n reuse impak op almal, maar veral op die armes en werkloses in ons stad. Ons het nou die geleentheid om ons liefde prakties uit te leef deur middel van voedselvoorsiening aan gesinne in PE Noord. Daar is tans 160 gesinne geïdentifiseer wat dringend kosvoorsiening benodig. Die volgende kos en ander items word benodig:

Nie-bederfbare produkte soos: Macaroni, spaghetti, sopmengsel (soup mix), lensies, gort, rys, koekmeel, pakkies soppoeier, mieliemeel, suiker, Imana pakkies(soja), bief aftrekselblokkies (stock cubes), sout, blikkies vis, tamatie & uie smoor, “baked beans”, gemengde groente

Vars produkte: Aartappels & uie

Ander produkte: Toiletpapier, koekie toiletseep, Jik, koekie Sunlightseep
Vir diegene wat eerder n **finansiële bydrae** wil lewer, kan ‘n EFT in Kraggakamma se bankrekening gemaak word, met verwysing: PE NOORD

U bydrae kan soos volg afgelewer word:
Elke **Dinsdagoggend** tussen 10:00 en 12:00 by Cassiarylaan 82 (Piet & Sonja Spies) of
Dinsdagaande tussen 17:00 en 19:00 by die Asterlaan 16 Pastorie tot verdere kennisgewing.

By voorbaat baie dankie dat ons kan staatmaak op oop harte en hande in hierdie saak.
Vir enige navrae, kontak Sonja Spies by sel: 084 516 4925.
(Indien u self nood het, kontak asb met een van die dominees of met Niekie by sel: 082 561 8747.)

MASKERS EN TREKLAKENS
Persone in die gemeente het reeds 100 maskers vir MTR Smit gemaak. Indien u wil help met die maak van maskers vir Louisa Meyburg, kontak met Linda Rossouw.
Louisa Meyburg het ook treklakens nodig. Hul sal self die lakens gee wat net deurgesny en gestik moet word. Indien u hiermee wil help, kan u ook met Linda kontak by sel: 082 402 4396.

GAZANIALAAN 2, SUNRIDGEPARK, PORT ELIZABETH, 6045
Tel: 041-360 1484 **Faks:** 0865106982
E-pos: kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Webblad: www.ngkraggakamma.co.za